

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

NR. 158, April 1981

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

EK GLO in God die vader, die Skepper van hemel en aarde

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520. Tel. 23831.

*Ek glo
dat God
my Vader is*

God my Vader! Hoe heerlik om dit te mag weet! Hoe 'n groot wonder is dit om dan te mag weet dat ons Sy kinders is — óns Sy kinders!!

Voordat ons na die ryke inhoud van hierdie wete gaan kyk, moet ons beseef dat God waarlik ons Vader *wil* wees, en dat Hy ons as Sy kinders wil aanneem — wil hê! (2 Kor. 6:18).

Maar wie het God as hulle Vader? Ons weet dat Hy die Vader van Sy Seun Jesus Christus is. Die wonderlike boodskap is nou - dat Jesus Christus dit so wil hê dat ons ook God se kinders moet wees. Die ewige Vader van Christus is slegs ter wille van Sy Seun ook ons Vader. Dit beteken dat as ek die Seun liefhet en met 'n ware geloof Hom bely as my Saligmaker, dan sê Jesus Christus vir my: "My Vader is nou ook jou Vader!" Maar dan ook: Dié wat nie in Christus glo nie, het God nie as Vader nie, maar as Regter! "Wie My haat, haat ook my Vader" (Joh. 15:23).

Om vader te wees, beteken onder andere ook om lief te hê. Dink maar net hoe lief het ons aardse vaders ons kinders. Maar God is 'n volmaakte Vader, en sy liefde is volmaakte liefde. Só groot is Sy liefde vir ons dat Hy Sy enigste Seun vir ons gegee het om ons as slegte en liefdelose mense, van die smarte van die hel te verlos, sodat ons deur hierdie liefdesdaad Sy kinders kan word (Joh. 3:1). Om Sy Seun, Jesus Christus, se wil deel ons in Jesus se kinderregte!

God is 'n ewige, almagtige en volmaakte Vader — só anders as ons aardse vaders. Ons menslike verstand kan sy grootsheid nie peil nie. God se Vadersorg is volmaak. Hy laat alles tot my - Sy kind — se beswil gebeur (Matt. 7:11). Met alles kan Hy ons raad gee; in alles en altyd sal Hy ons vertroos (Joh. 14:16).

Vandag het ons nog steeds die veiligheid nodig wat ons as klein kindertjies by ons vaders gekry het. Hoe seker en vas is ons veiligheid en sekuriteit as ons maar net by ons hemelse Vader skuiling wil soek. Daarom moet ons, ons hele lewe aan Hom toevertrou. As klein kindertjies kon ons nie altyd ons vaders se optrede verstaan nie - net so tree ons hemelse Vader vandag ook op, soms ook deur tugging - maar dan, omdat Hy ons in liefde die regte weë wil wys (Heb. 12:6-8; Openb. 3:19).

Net soos ons as aardse ouers na ons kinders verlang, verlang ons hemelse Vader dat ons Sy gemeenskap sal soek, dat ons ten volle op Hom sal vertrou en op Sy bystand sal reken (Joh. 4:23). Soos kinders verkeerde dinge op aarde doen, so sondig ons dikwels - en hierdie sonde is direk teen ons Vader. Maar as ons, ons sonde met 'n opregte en berouvolle hart bely, dan vergewe Hy ons — volledig (I Joh. 1:9).

Daarom moet ons, ons medebroeders en -susters soek en hulle lei na dié ewige Vader. Dit doen ons deur Jesus Christus te verkondig, want deur Hom groei die getal van ons Vader se kinders (Joh. 14:2).

Ons as sondaars is kinders in die geloof, en bly swak en hulpbehoewendes wat die Vader altyd nodig het. Nou het ons hierdie heerlike sekerheid dat Hy altyd by ons is, en dat Hy ons selfs na Hom toe neem wanneer ons sterwe. Dan, ja, juis dan word alles wat skeiding maak, weggeneem, en neem Hy ons na sy ewige Vaderhuis. Deur Jesus Christus is daar vir ons plek, en deur die geloof in ons Verlosser mag ons die heerlikheid van die Vader se huis smaak.

Hoe lieflik is u wonings, Heer!

Joop van der Vegt.

EL SJADDAI.

Ek glo in God die Vader, die Almagtige

God is ALMAGTIG! Die oorspronklike Hebreeuse woorde is *EL SJADDAI*. Daarmee word ten allereerste bedoel dat Hy tot alles in staat is; dat Hy beskik oor alles en almal; dat alles aan Hom onderwerp is. Hy is soewerein en in beheer van alles. Soos Hy self sê: "Aanskou nou dat dit Ek is, en dat daar geen god naas My is nie; Ek maak dood en Ek maak lewend. Ek het verbrysel en Ek genees; en daar is niemand wat uit my hand red nie" (Deut. 32:39).

En vromes deur die eeue bely: "Want aan die Here behoort die pilare van die aarde, en Hy het die wêreld daarop gevestig" (I Sam. 2:5). "O Here, wie is soos U onder die gode? Wie is soos U, verheerlik in heiligheid, gedug in roemryke daade, een wat wonders doen?" (Ex. 15:11). "U, Here, is die Allerhoogste oor die hele aarde; U is hoog verhewe bo al die gode" (Ps. 97:9).

In die Grieks van die Nuwe Testament is dit: *PANTOKRATOR*. *PAN* is alles, en *KRATOS* is krag. Hy beskik oor alle krag. "Ek is die Alfa en die Omega, die begin en die einde, sê die Here, wat is en wat was en wat kom, die Almagtige" (Openb. 1:8).

As dit al is wat van God se almag gesê kan word, dan is Hy niks anders as 'n tiran nie, soos Allah vir die Moslems: 'n wrede, woeste, koue heerser.

Hoe wonderlik is dit dat daar juis ander dinge van God se almag gesê word. Telkens as die Bybel van God se almag praat, dan is dit juis Sy almag om te red en te vergewe, en Sy liefde en genade wat bewys word.

As jy na God soek, en die Almagtige om genade smeek, "...dan sal Hy oor jou waak en jou woning herstel ooreenkomstig jou geregtigheid" (Job 8:5).

"En Ek sal vir julle 'n Vader wees en julle sal vir My seuns en dogters wees, spreek die Here, die Almagtige."

Sy almag is nie iets wat my afskrik, en my in angs van Hom laat wegvlug nie. Sy almag is vir my 'n troos en 'n skuiling. Omdat Hy my liefhet, en my Vader is, voel ek juis veilig en beskermd deur Sy almag.

Psalm 91:1 en 2: "Hy wat in die skuilplek van die Allerhoogste sit, sal vernag in die skaduwee van die Almagtige. Ek sal tot die Here sê: My toevlug en my bergvesting, my God op Wie ek vertrou."

Mag ons maar weer 'n volk hê wat met hart en niere uitleef wat ons in die Volkslied sing:

"Op u almag vasvertrouend,
Het ons vadere gebou.
Skenk ook ons die krag, o Here,
Om te handhaaf en te hou..."

Flip Buys.

God die Skepper

Jy sê jy is ook 'n natuurliefhebber?

Dis gaaf. Dan is ons geesgenote. Mense wat waarlik dié taal van die natuur leer verstaan het, het mos baie om met mekaar te deel, nè?

Het jy ook al gekyk na die swenk van die windswaels in die vroeë, sagte lig van 'n someroggend? Hoe vry en jubelend bly is hulle tog nie!

En hoe stil word 'n mens nie voor die majesteit en die diep geheimenis van die berge nie! Dis mos wonderlik om die veranderinge en spel van kleur in hulle waar te neem: Wasig-blou in die vroeë oggend as die miswolke speels in die klowe afgly — ongenaakbaar en afsydig in die fel middaguur, en om dan met byna oordadige kleure te gloei in die laaste lig, voordat hulle versink in 'n ou-ou weemoed...

En weet jy wat kan my grouste dag onmiddellik ophelder? 'n Geelvink se onbedwingbare lewensblyheid. Dit borrel mos sommer so uit hulle hartjies uit!

Hoe arm is mense tog wat blind en doof is vir dié dinge!

Maar weet jy wat is vir my die wonderlikste van alles? Dat my God dit alles geskep het!
My God, wat ook my Vader is.

Watter groot en almagtige God moet Hy nie wees nie! En hoe het Hy elke dingetjie, tot in die fynste besonderheid, geskape!

Hoe het Hy as die groot Kunstenaar kwistig en eksklusief met kleur en lyn gespeel!

Wat 'n floue afskaduwing is ons powere pogings nie daarteen nie!

En met ál ons verworwe kennis, en ál ons groot wysheid wat ons in ons eie oë het, kan ons nie één enkele lewende grassprietjie skep nie!

Ons kan harte oorplant en skrikwekkende kernbomme ontwerp, maar dit kos net één onverwagse natuurramp om ons vreesbevinge te laat rondskarrel soos hulpelose veldmuisies!

Dit is waarlik 'n grootse voorreg om dié God te ken; om te weet dat as Hy só **vir** die kleinste mossie van die veld sorg;

en die lelies van die veld met soveel skoonheid klee;
hoeveel te meer sal Hy nie vir my, wat sy eie kind is, deur Jesus Christus
in sy liefde dra nie...?

Ken jy dié pragtige lied van die skepping, die psalm van Dawid?

“Hoe goddelik en skoon
en wonderbaar dié toon
wat deur die skepping gaan!
Geen volk so onbegaaf,
geen oor so onbeskaaf,
wat nie dié taal verstaan.
Die prag van hemel
wat deur die wydtes skyn,
spreek daar so luid en kragtig
dat nêrens hart of oor
dié skeppingstaal nie hoor —
tot roem van God almagtig.

Ria Snyman.

Hy sorg Vir my

As die Here die huis nie bou nie, tevergeefs werk die wat daaraan bou. As die Here die stad nie bewaar nie, tevergeefs waak die wagtters. Tevergeefs dat julle vroeg opstaan, laat opbly, brood van smarte eet. Net so goed gee Hy dit aan Sy bemindes in die slaap" (Ps. 127:1).

Tevergeefs?

Is dit darem heeltemal waar?

Daar is tog mense wat in hierdie lewe baie vermag, wat die hoogste sport bereik, wat magtige geboue uit die aarde laat opskiet, soms selfs stede laat oprys waarin duisende mense hulle brood verdien, en tog sal hierdie bouer of argitek of magnaat nooit eers 'n gedagte aan God gee nie!

Hier word egter nie gesê dat 'n mens net bestendigheid en voorspoed het in hierdie lewe as jy met God wandel nie. Die Bybel erken dat baie mense in hierdie lewe, sonder God, tog ook baie voorspoed beleef.

Nee, hier word gesê: God doen die beslissende. Hy gee voorspoed en seën aan wie en wanneer dit Hom behaag. God die Here is nie maar net nog 'n faktor in die groei en bloei en bestendigheid nie. Hy is die Een wat aan elke mens, ook goddeloses, lewe en asem en alles gee.

Want brood kan jy nie hê as daar nie 'n koringoes was nie. En 'n koringoes kan daar nie wees as die boer nie krag en gesondheid en verstand het om te saai en te plant nie. En tevergeefs is al sy werk, sy swoeg en sweet, vroeg opstaan en laat opbly, as God nie reëns gee nie. So het ook die meulenaar, die bakker en die bouer en die honderde, duisende werkers in elke bedryf en fabriek God se seën nodig om brood op tafel te hê.

Hoe sou jy immers kon werk, geld verdien, inkopies doen as God nie aan jou krag, gesondheid en verstand gegee het nie?

Wanneer ons 'n droogte beleef waarin alles verskroei en verdor, die vee vrek, die lammers keelaf gesny moet word, omdat daar nie vir hulle kos is nie, ja, wanneer jou kinders huil van honger, en jy waaragtig nie 'n stukkie brood het om vir hulle te gee nie, dan besef die trotse mens dat hy nie oor alles beskik nie, dat hy magtelos is.

Wanneer ons 'n ramp beleef, soos by Laingsburg, waar honderde mense in 'n paar oomblikke met al hulle besittings weggevee word, die ewigheid in, dan besef jy dat jy nie jou sekuriteit in jou eie hande het nie. Jy kan beplan en verseker, en belê en enige finansiële skema uitdink, my vriend, maar God is magtig om jou in een oomblik kaal te stroop en vir altyd te knak.

Jy is volledig van God afhanklik, selfs vir die broodkorsie op jou bord. Dink maar weer daaraan as jy by die tafel gaan aansit: Daar sterf in hierdie wêreld elke jaar meer mense van honger, as wat in die hele Tweede Wêreldoorlog omgekom het. Dit is miljoene. Is dit maar vanselfsprekend dat jy kos en klere het en warm gaan slaap?

Met diepe afhanklikheid van God word ek nie beangs nie. Ek het geen maagsere van bekommernis oor geld en goed nie. Want Hy wat oor alles beskik, het my lief. Ek weet dat die brood op my bord en die kombes oor my kinders Sy liefde vir my is.

Ek werk nie om kos te verdien en ryk te word nie. Ek werk hard, baie, baie hard net om Hom te verheerlik. In my werk moet Sy Naam verheerlik word. Dan slaap ek rustig, want ek weet en glo: Hy sorg vir alles wat ek nodig het. "Net so goed gee Hy dit aan Sy bemindes in die slaap". "Vir diegene wat deur God bemin word, sal alles ten goede meewerk". "Vertrou op die Here met jou hele

hart en steun nie op jou eie insig nie. Ken Hom in al jou weë, dan sal Hy jou paaie gelykmaak" (Ps. 127:1; Rom 8:28; Spr. 3:5-6).

Ek vou my hande en bid met oortuiging en sekerheid en sonder enige kwellinge: "Die oë van almal wag op U, en U gee hulle hul spys op die regte tyd. U maak die hand oop en versadig alles wat lewe volgens u welbehae" (Ps. 145:15-16).

Flip Buys.

*Hy skep
en regeer
die wêreld*

As iemand vandag sou voorspel dat een of ander kaptein van 'n swart staat in die afsienbare toekoms die Russe gaan oorwin, die Weste gaan onderwerp en die wêreld gaan regeer, sal ons, ons slap lag, nie waar nie?

So 'n onverwagte voorspelling is eenkeer tussen die jare 560 en 550 v.C. gemaak. Die volk Israel was onder die juk van die magtige Babiloniese Ryk in ballingskap.

Persië was niks meer as 'n aantal los stamme nie; 'n klompie landbouers en veeboere wat in die suid-oostelike gedeelte van die Zagrosgebergte, noord van die Persiese Golf gewoon het, en aan die koning van Medië onderwerp was. 'n Sekere Kores was hoof van een van die stamme in Persië.

Vir die volk Israel was dit seker 'n baie ondenkbare ding toe die profeet voorspel het dat hierdie Kores binnekort die wêreld sal regeer, en hulle uit hulle ballingskap sal verlos. (Lees Jesaja 41.) So iets moes volgens menslike standaarde bra onwaarskynlik geklink het.

Dit het egter vinnig gebeur: In 550 v.C. word Kores koning van die hele Persië. Die volgende jaar, 549 v.C, verower hy Medië en daarna die een land na die ander, totdat in 539 v.C. die magtige Babel verower is en hy hoof van 'n wêreldryk geword het.

Van hierdie Kores het die Here voorspel: "Hy is my herder ... wie se regterhand Ek gevat het om nasies voor hom neer te werp, terwyl Ek die lendene van konings losmaak; om voor hom deure oop te maak, en poorte sal nie gesluit bly nie. Ek self sal voor jou uitgaan en hoogtes gelykmaak; koperdeure sal Ek verbreek en ystergrendels stukkend slaan" (Jes. 45:2-3).

Maar waarom het die Here dit aan Kores gedoen?

Was hy 'n baie vroom en Godvresende man?

Nee! Hy was 'n heiden!

Die Here sê: "Ter wille van Jakob, my kneg, en Israel my uitverkorene het Ek jou by jou naam geroep; Ek het jou 'n erenaam gegee, alhoewel jy My nie geken het nie."

Die Here bring die hele wêreldgeskiedenis in beroering om Sy volk weer vry te laat word. Hy verbrysel wêreldregerings, en bring nuwes op die been, ter wille van die uitbreiding van sy eie koninkryk, die kerk van Jesus Christus op aarde.

So doen Hy dit vandag nog! Die teuels van die wêreldregering lê in Sy hande. Hy skik en rig die geskiedenis om sy raadsplan deur te voer.

Die wêreld word nie regeer uit die raadsale van die WO, of die Withuis in Amerika, of die Kremlin in Moskou nie. Die wêreld word regeer deur Jesus Christus. Alles wat in die wêreld gebeur, word deur Hom so geskik en gerig ter wille van Sy kinders.

Dit gee my troos in 'n eeu waarin alles onseker en chaoties lyk.

Het jy ook hierdie sekerheid?

Flip Buys.